# AFRIKANERMYNWERKERS EN DIE MYNWERKERSUNIE, 1936—1948

**H J van Aswegen & L de Kock**
*Randse Afrikaanse Universiteit*

## II
## Die Hervormingsorganisasie in die Mynwerkersunie 1937—1948

[An English summary of Parts I and II appeared in the May 1987 edition of *Historia*]

Die Afrikanerbond van Mynwerkers (ABM) se pogings in die loop van 1936 en 1937 om 'n alternatiewe vakbond in die lewe te roep om die Mynwerkersunie (MWU) te onttroon, is deur die instelling van die geslote werplaasbeginsel op 1 Junie 1937 gekelder. Volgens hierdie reëling was alle mynwerkers verplig om as lede van die MWU, nou die enigste wettige vakbond, te registreer of die gevaar te loop om ontslaan te word.

Teoreties het die ABM op 1 Junie 1937 ontbind, maar die ABM/NRT (Nasionale Raad van Trustees) was steeds vasberade om Charles Harris en sy mede-amptenare van die MWU te beveg.[1] Om dit te doen, is daar op 'n nuwe strategie besluit, nl. dat alle lede van die ABM by die MWU moes aansluit en dat hulle die MWU van binne sou hervorm.[2] Die ABM sou dus sy werksaamhede voortsit en nie-amptelik as 'n "aparte" groep binne die MWU funksioneer. In die proses het dit ook spoedig van naam verander en as die Hervormingsorganisasie bekend gestaan.

Hierdie hervormingsaksie, wat tot 'n bittere stryd tussen die NRT/ABM en die bestuur van die MWU gelei en tot in 1948 voortgeduur het, het deur verskeie fases gegaan. Vir die NRT/ABM was die periode vanaf Junie 1937 tot Oktober 1938 'n oorgangsfase waarin gekonsentreer is op die versterking van hulle eie organisasie, die loods van 'n oriënteringsprogram om die mynwerkers voor te berei vir die stryd om hervormings binne die bestaande vakbond aan te bring en om hul kritiek teen dié vakbondbestuur te verskerp.

Om die ABM te versterk is twee verdere voltydse organiseerders aangestel en om sy werksaamhede beter te koördineer is 'n dagbestuur geskep met Albert Hertzog as voorsitter en J.S. de Wet as sekretaris.[3] O.l.v. Hertzog is voortgegaan om vergaderings aan die Oos- en Wesrand asook op die platteland te hou, lg. met die doel om die volk in te lig oor "die onafrikaanse kommunistiesgesinde elemente" in die vakbondwese.[4]

Die ABM het hom nou toegespits op die verkryging van 'n meerderheidstem in die algemene raad van die MWU. Die liggaam is jaarliks saamgestel uit die verkose skagverteenwoordigers van die verskillende myne. Beheer oor die raad sou die ABM in staat stel om 'n nuwe bestuur vir die MWU te kies. Om die oogmerk te bereik, was intensiewe bear-

---

L. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 53—55; A 1731, S.J. Botha-versameling, Band 4: Die Stryd om die vakbonde. Persoonlike herinneringe van D.B.H. Grobbelaar, p. 1. (S.A.)

2. *Die Vaderland*, 1.6.1973: Beginsel van 'geslote geldere' toegepas; Naude: *op. cit.*, pp. 50—54; T.D. Moodie: *The Rise of Afrikanerdom*, p. 172.
3. Naude: *op. cit.*, p. 51.
4. A32, J.B.M. Hertzog-versameling, Band 34: H. van Wyk — Genl. Hertzog, 18.8.1938, pp. 1—2 (S.A.); *Die Vaderland*, 1.6.1937: Beginsel van "geslote geledere" toegepas.

beiding van die mynwerkers nodig sodat die "regte" skagverteenwoordigers verkies kon word.[5] 'n Aksieprogram is opgestel en reekse vergaderings is in die kleedkamers op die myne en in die huise van mynwerkers gehou. Talle pamflette is versprei om steun teen die "korrupte" bestuur van die MWU te werf. Die mynbestuur het dadelik alle vergaderings op myneiendom verbied en die verbod het die werksaamhede van die MWU ernstig gekortwiek. Desnieteenstaande is met huisbesoeke en vergaderings buite die myngebiede voortgegaan. Ook op die amptelike MWU-vergaderings het die ABM-leiers die geleentheid gebruik om die bestuur van die vakbond te kritiseer.[6]

Hierdie pogings van die NRT/ABM het nie veel sukses meegebring nie. Tydens die algemene raadsvergadering van 13 Februarie 1938 is 'n mosie van wantroue wat die ABM in die algemene sekretaris en ander betaalde amptenare van die MWU gestel het, o.a. op grond van korrupsie, heulery met die kommunistiesgesinde Vakraad en swak finansiële beheer, met 'n oorweldigende meerderheid verwerp.[7] Die ABM se strategie het in 'n mate geboemerang toe die vergadering besluit het om J.S. de Wet, voorsteller van die mosie, a.g.v. sy verbintenis met die ABM, uit die MWU te skors.[8]

Charles Harris en die ander amptenare het duidelik die volle steun van die meerderheid van die MWU-raadslede gehad. Dit het ook geblyk uit die mislukking van die tweede mosie van wantroue van die ABM tydens die halfjaarlikse algemene raadsvergadering in Augustus 1938.[9]

In die geledere van die NRT/ABM is besef dat hulle hul optrede veel beter sou moes koördineer en meer doelgerig sou moes organiseer om die MWU van binne te hervorm. Vir die doel is 'n waaksaamheidskomitee in die lewe geroep om die nodige aanvoorwerk te doen vir die stigting van 'n formele hervormingsorganisasie. Die waaksaamheidskomitee, wat o.a. Engelstalige mynwerkers ingesluit het, het hulle sterk op die bearbeiding van die mynwerkers by die verskillende skagte toegespits en waar moontlik skagkomitees in die lewe geroep. Verteenwoordigers van hierdie skagkomitees van dwarsoor die Witwatersrand het op 12 Oktober 1938 byeengekom en 'n nuwe liggaam, die Hervormingsorganisasie, binne die Mynwerkersunie in die lewe geroep.[10] Daardeur is 'n nuwe fase in die stryd tussen die Hervormers en die MWU ingelei.

Die Hervormingsorganisasie het uit 'n hoofbestuur van 16 lede (mynwerkers) en 'n dagbestuur van vyf lede, met Albert Hertzog as voorsitter, bestaan.[11] Uit die samestelling van die besture is dit duidelik dat die NRT steeds die dryfkrag agter die hervormingsaksie gebly het. Verder het die organisasie ook 'n algemene raad met 'n maksimum van 120 lede gehad. Op die laer vlakke het wyks- en plaaslike komitees die kernpunte van die organisasie gevorm. Die organisasie was oop vir enige blanke ondergrondse mynwerker wat die doelstellings daarvan onderskryf het.[12] Die vernaamste doelstelling was dan ook om die MWU op grondwetlike wyse van binne te hervorm en te omskep in 'n Afrikaanse

---

Naude: *op. cit.*, pp. 51 en 57—58.

*Die Mynwerker,* November 1937: Do you want £1 000 000 more in wages?, p. 8.

*Die Mynwerker,* Februarie 1938: Belangrike besluit van unie se algemene raad, pp. 13 en 17; *The Star,* 1.4.1938: Dissension in MWU.

8. *Ibid.*; Naude: *op. cit.*, pp. 64—67.
9. *Die Mynwerker,* Augustus 1938: Mine workers' complete confidence in officials, pp. 8—9.
10. *Ibid.*
11. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 2, Vol. 9: S. Schoeman getuig, 12.11.1940, pp. 571—572; Vol. 10: J.S. de Wet getuig, pp. 686—687 en Vol. 12, 18.11.1940, pp. 823—824; Band 4, Lêer VI: Verslag, pp. 17—18.
12. *Ibid.*, Band 2, Vol. 10: J.S. de Wet getuig, pp. 687—688; Band 4, Lêer VI: Verslag, Aanhangsel D, Grondreëls, p. 2.

Christelik-nasionale vakbond.[13] Fondse vir die organisasie kon, a.g.v. die geslote geledere-beginsel, nie d.m.v. ledegeld verkry word nie, maar die NRT het uit verskeie bronne gesorg dat daar genoeg geld is om die stryd teen die MWU met krag voort te sit.[14]

Die Hervormers het 'n tweeledige strategie gehad, nl. die uitbouing van hul ledetal onder die mynwerkers en tweedens die oorname van die bestuur van die MWU. Om hul ledetal te vergroot, is voortgegaan om die mynwerkers te bearbei en veral die "korrupsie" van die MWU as oortuigingsmiddel te gebruik.[15] Hoe suksesvol hul was, is moeilik om te bepaal. Daar is nie amptelike ledelyste gehou nie en uit hul optrede in die maande voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog kan afgelei word dat hulle krag wel aan die toeneem, maar steeds beperk was.

Hulle eerste daadwerklike poging tot optrede was tydens die algemene raadsvergadering in Februarie 1939 waar hulle wou probeer om hulle kandidate tot die raad verkies te kry. Die vergadering op 12 Februarie het egter in chaos geëindig toe die raadsverkiesing a.g.v. tegniese probleme uitgestel, maar die Hervormers die reëling verontagsaam, hul eie bestuur verkies en die kantore van die MWU beset het.[16] Die ou bestuur het onmiddellik 'n hofbevel teen die optrede aangevra en daar is teen die optrede van die Hervormers beslis.[17]

Na hierdie nederlaag het die Hervormers hulle op die verkiesing van die onbetaalde lede van die uitvoerende komitee van die MWU in Maart 1939 toegespits. Hulle het nou groter sukses behaal toe hulle vier van die ses poste verower het, maar hulle kon nie daarin slaag om die kernamp van voorsitter in te palm nie.[18] Dit sou vir hulle 'n kragtige hefboom gewees het om van die "ongewenste" betaalde amptenare, o.a. Charles Harris, ontslae te raak. Die enigste ander manier om daarin te slaag, was om hulle tydens die algemene raadsvergadering in April 1939 uit te stem. Daarin kon die Hervormers nie slaag nie. Ten spyte van hul intensiewe stemwerwery kon hulle nie 'n enkele verteenwoordiger ingestem kry nie.[19]

Hierdie raadsvergadering het ook verdere implikasies vir die Hervormers ingehou. Daar is onder meer besluit om S. Schoeman, leier van die Hervormers, op grond van sy bedrywighede uit die MWU te skors en ook om die lede van die uitvoerende komitee vir drie i.p.v. een jaar in hul amp te bevestig. Dit sou 'n groter mate van kontinuïteit in die formulering en uitvoering van beleidsake meebring.[20] Daardeur is die posisie van die lede haas onaantasbaar gemaak vir 'n periode van drie jaar.

Een van die gevolge van hierdie gebeure was dat die polarisasie tussen die hervormingsgesindes en die Harrisaanhangers al hoe groter geword het. Beskuldigings van onbehoorlike optrede is heen en weer geslinger en in die klimaat van toenemende faksiona-

13. *Ibid.*, Band 4, Lêer VI: Verslag, p. 20 asook Aanhangsel D, Grondreëls, p. 1.
14. L. de Kock: *Die Stryd van die Afrikaners*, pp. 112—118.
15. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 2, Vol. 12: J.S. de Wet getuig, pp. 818—820. Sien ook L. de Kock: *op. cit.*, pp. 139—169.
16. *Die Transvaler*, 11.2.1939: Belangrike vergadering van die SAMWU se algemene raad; *The Star*, 14.2.1939: Court restores offices to Miners' Union; *Die Mynwerker*, Maart 1939: Mynwerkersunie wen saak, p. 7; *Die Burger*, 13.2.1939: Dramatiese "rewolusie" in myn-vakbond; K145 MWU Enquiry Commission 1946—1948, Band 1: Minutes of the nineteenth meeting, 29.11.1946, p. 7 (S.A.).
17. *Die Mynwerker*, Maart 1939: Mynwerkersunie wen saak.
18. *Die Burger*, 6.4.1939: Hervormers se suksesse in mynvakbond; Naude: *op. cit.*, p. 122.
19. *Die Transvaler*, 26.4.1939: Die mynwerker en 27.4.1939: Hervormers oorstem deur buitemyne; *Die Mynwerker*, April 1939: Reformers fail to impress members, p. 15.
20. *Die Mynwerker*, Mei 1939: Op stewiger grondslag, pp. 23—25, en April 1939: Reformers fail to impress, p. 15 asook p. 8: Revising the constitution.

lisme in Charles Harris op 15 Junie 1939 koelbloedig doodgeskiet. Gerugte van 'n sameswering teen Harris deur die Hervormers het oral die rondte gedoen, maar die hof het beslis dat dit die werk van slegs een persoon was.[21]

Wat ook al die motief vir die moord op Harris deur 'n jong Afrikaner was — daar was sterk sprake dat dit 'n daad van anti-semitisme was[22] — sy daad het die faksies in die MWU tydelik met mekaar tot versoening gebring. Op 'n groot monstervergadering in November 1939 is 'n samewerkingsooreenkoms tussen die MWU en die Hervormers gesluit. Die MWU het die Christelik-nasionale strewe van die Hervormers erken en ingestem om hom van die kommunistiesgesinde Vakraad los te maak; hulle het ook die behoud van 'n kleurskeidslyn in die mynbedryf herbevestig en daar is ooreengekom dat die MWU die mynwerker se belange eerste sou stel. Om die eensgesindheid te verstewig, is besluit om die geskorste De Wet en Schoeman weer as lede van die MWU te aanvaar.[23]

Nieteenstaande skerp kritiek teen die NRT as die bron van twis en tweedrag onder die mynwerkers,[24] het die ooreenkoms voorlopig die gemoedere gekalmeer. Die stilte was egter van korte duur en is ru versteur deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Suid-Afrika se besluit om die Geallieerdes se oorlogspoging te steun. Die bestuur van die MWU het aanvanklik besluit om neutraal te bly, maar in Mei 1940 is die besluit herroep en is aangekondig dat die vakbond voortaan in diens van die regering se oorlogsbeleid gestel sou word.[25]

Hierdie besluit het 'n onmiddellike en skerp reaksie van die Hervormers uitgelok en die volgende fase van die stryd teen die MWU ontketen. Die Hervormers was van mening dat die MWU hom daardeur in die politiek begewe en die mynwerkers se belange tweede gestel het. Dit sou ook polarisasie tussen Afrikaans- en Engelstalige mynwerkers meebring aangesien eg. nie die oorlogspoging gesteun het nie. Verder het dit die kleurskeidslyn in gevaar gestel omdat blanke arbeid onder die voorwendsel van oorlogsnood na willekeur met goedkoper swart arbeid vervang sou word.[26]

Die oorlog het die stryd in die geledere van die mynwerkers finaal en openlik in die politieke arena laat beland. Tot en met 1939 was die VP en AP redelik in die agtergrond en kritici uit hulle geledere het telkemale die GNP daarvan beskuldig dat hulle deur die AB en sy frontorganisasies die mynwerkers as politieke speelbal vir eie gewin misbruik het. Die skeuring in die regerende VP en Smuts se vervanging van genl. J.B.M. Hertzog as eerste minister, asook die strategiese waarde van die goudmyne het nou egter die pendulum laat swaai na 'n veel sterker VP-inmenging in die sake van die MWU.

Die eerste tekens daarvan was in 1940 reeds waarneembaar toe daar op insiatief van Colin Steyn, minister van justisie en Walter Madeley, minister van arbeid, besluit is om die grondwet van die MWU so te wysig dat geen verkiesing in die MWU vir die duur van en tot ses maande na die oorlog gehou sou word nie. Die besluit is deur genl. Smuts se wet

---

*Die Vaderland,* 16.6.1939: Jong blanke mynwerker van moord op Charles Harris aangekla; *The Star,* 12.10.1939: Hugo found guilty of murder; Naude: *op. cit.*, pp. 128—129.

A32 J.B.M. Hertzog-versameling, Band 56, Lêer M: Anonieme Afrikaner — Genl. Hertzog, 17.6.1939, pp. 1—2; K6 MWU Enquiry, Commission 1941, Band 3, Vol. 30: C.A. Boshoff getuig, 20.12.1940, p. 2474.

*Die Mynwerker,* November 1939: Conciliation, pp. 4—5; *Die Burger,* 7.11.1939: Mynwerkers weer eensgesind; Naude: *op. cit.*, pp. 133—134; *Die Transvaler,* 21.11.1939: Mynwerkers breek weg van Trades Council.

24. *Die Vaderland,* 8.11.1939: Mynwerkers is weer een.
25. *Die Transvaler,* 24.5.1940: Hervormingsorganisasie hernu stryd.
26. *Ibid.*

op oorlogsnoodmaatreëls (wet 29 van 1940) bekragtig.[27] As rede vir hierdie stap is aangevoer dat reeds meer as 7 000 mynwerkers vir aktiewe militêre diens opgeroep is en dat dit onregverdig teenoor hulle sou wees om verkiesings in hul afwesigheid te hou.

Hoewel mynwerkers wel vir die oorlog opgeroep is, het die Hervormers die geloofwaardigheid van die rede verwerp. Volgens hulle was die getal 7 000 oordrewe en daar is ook op gewys dat meer lede van ander vakbonde ook vir aktiewe diens opgeroep is, maar dat verkiesings in daardie vakbonde nie opgeskort is nie. Hierdie reëlings is gesien as 'n poging deur die VP om die Hervormingsorganisasie in die kiem te smoor omdat dit duidelik was dat hulle besig was om steun onder die mynwerkers te wen en dat hulle in die volgende verkiesing die bewind in die MWU sou kon oorneem.[28] Dit sou beteken dat die mynwerkersvakbond deur die nasionaliste beheer word en dit wou Smuts ten alle koste verhoed.

Die opskorting van alle verkiesings in die MWU het die werksaamhede van die Hervormers ernstig aan bande gelê. Hulle strategie om die bestuur van die MWU oor te neem, is daardeur gefnuik en hulle is gedwing om hul plan van aksie te hersien. Daar is besluit om die oorlogsperiode te gebruik om hul organisasie intern te versterk ter voorbereiding op die na-oorlogse tydperk. Die Witwatersrand is nou in twaalf distrikte en elke distrik in plaaslike gebiede verdeel en distriks- en plaaslike komitees is aangewys om die mynwerkers aldaar te bearbei. 'n Opleidingsprogram is opgestel wat o.a. skoling in die vakbondwese vir die mynwerkers ingesluit het. Sosiale funksies en huisvergaderings om die mynwerkers te verenig en inligting te versprei is gereeld gehou terwyl pamflette van tyd tot tyd versprei is om die aksieprogram voort te sit.[29] Prominent in die aksie was Albert Hertzog, P.J. Meyer en H.F. Verwoerd. Die leiers van die mynwerkers, S. Schoeman, en sy opvolger, J.S. de Wet, het in die tyd ook uit die bestuur getree en is vervang deur Daan Ellis.[30]

Terwyl hierdie "stille stryd" gevoer is, het die Hervormers steeds kritiek bly uitspreek teen die "wanpraktyke" van die bestuur van die MWU. In 1940 het hulle, gerugsteun deur 'n petisie met meer as 5 000 naamtekeninge, beswaar aangeteken teen die onreëlmatige wyse waarop die bestuursverkiesings aan die begin van 1940 (voor die oorlogsnoodmaatreëls) gehou is. Die departement van arbeid het die beswaar verwerp op grond van die feit dat die verkiesings nie ongrondwetlik was nie.[31]

Uit protes teen die beslissing en teen die nuwe bestuur van die MWU het die Hervormers nou geweier om hulle ledegeld te betaal. Die Kamer van Mynwese, wat nou tussenbeide getree het, het na aanvanklike waarskuwings, daadwerklik opgetree en drie mynwerkers op die ERPM-myn ontslaan. Die mynwerkers het hierop gereageer deur in Augustus 1940 by die myn te staak en het by die regering daarop aangedring dat aandag aan hulle griewe gegee moet word.[32]

Smuts, versigtig vir mynwerkersonluste, het hom bereid verklaar om aandag aan hulle griewe te skenk op voorwaarde dat die staking beëindig word en dat hulle hom oortuig dat daar grondige redes vir 'n kommissie van ondersoek na die sake van die MWU is.

27. K145 MWU Enquiry Commission 1946—1948, Band 3, Lêer III: Mine Workers Union, p. 1; *Die Oosterlig*, 10.2.1949: Die Randse Staking.
28. Naude: *op. cit.*, pp. 173—177.
29. A63/2 M.S. Louw-versameling: RDB-Memoranda, Jaarverslag vir 1942, NRT, pp. 2—6.
30. *Ibid.*; Naude: *op. cit.*, pp. 179—201.
31. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 2, Vol. 8: S. Schoeman getuig, pp. 511—516 en Band 4, Lêer VI: Final reports, findings and recommendations, p. 10.
32. *Die Mynwerker*, September 1940: ERPM strike ends in ignominious defeat for Reformers, p. 15 en November 1940: Die Hervormers stuur 'n pamflet rond, pp. 5—6.

Aan die versoek is voldoen. Die staking is afgelas en in 'n brief aan Smuts is hulle griewe uiteengesit.[33] Briewe is ook aan alle lede van die Volksraad gerig waarin hul griewe uitgespel en op 'n onpartydige geregtelike ondersoek aangedring is.

Smuts het sy woord gestand gedoen en op 28 Oktober 1940 het die driemankommissie onder voorsitterskap van L.P. van Zyl Ham, die sekretaris van mynwese, met sy eerste sitting in Johannesburg begin.[34] Die kommissie het etlike weke lank getuienis van alle betrokke groepe in die goudmynbedryf ingewin en hul verslag op 7 Januarie 1941 voltooi.[35]

Die Hervormers het kritiek uitgespreek teen talle fasette van die interne bestuur van die MWU. Een van hul vernaamste klagtes was teen onreëlmatighede tydens verkiesings waardeur onbevoegde persone in ampte aangewys is. Klagtes in die verband het o.a. sake ingesluit soos stembusbedrog, laksheid van verkiesingsbeamptes, gesloer met verkiesings, ongenommerde stembriefies, afwesigheid van kontrolelyste en betaalde amptenare in beheer van verkiesings.[36] Verder het hulle die wettigheid van die 1933 en 1936 grondwette betwis omdat dit nie deur die hoofbestuur bekragtig is en nie ingevolge die nywerheidsversoeningswet geregistreer is nie. Ook die wysiginge in die grondwet wat in 1939 aangebring is, is nie behoorlik voorgestel en gesekondeer nie.[37] Die gevolge van die manipulasie van die verkiesings en onwettigheid van die grondwette was dat die vakbond beheer is deur amptenare, gesteun deur buitebelange wat hulleself verskans het teen wettige teenoptrede. Die mense het absoluut outokraties opgetree en het na willekeur persone van hul eie keuse in bestuursposte aangestel. Op die wyse is persoonlike belange en nie die belange van die mynwerkers gedien nie.[38] Die Hervormers het talle griewe oor swak finansiële bestuur, wat tot die wanbesteding van fondse en korrupsie aanleiding gegee het, aan die kommissie voorgelê. Insae in die geouditeerde finansiële state van die MWU, wat grondwetlik die reg van die mynwerkers was, is haas onmoontlik gemaak en die goedkeuring vir groot uitgawes is op bestuursvergaderings gegee sonder dat die nodige inligting en dokumente oor die uitgawes beskikbaar gestel is.[39]

Na deeglike oorweging van die getuienis van al die partye het die kommissie hul bevindinge bekendgemaak. Die meeste van die besware van die Hervormers is verwerp omdat dit nie op konkrete getuienis berus het nie. So bv. is die manipulerings van die verkiesings deur Harris en sy amptenare nie bewys nie. Ook die sogenaamde ongeldige grondwette is deur die kommissie as geldig gehandhaaf.[40] T.o.v. die klagtes oor finansiële wanbestuur is bevind dat die amptenare inderdaad onreëlmatig gehandel het en daar is sekere voorstelle gedoen om die swakhede in die toekoms uit te skakel.[41]

Die verslag was nie 'n verdoemende aanklag teen die MWU soos die Hervormers gehoop het nie. Die probleemgebiede wat geïdentifiseer is, sou met die nodige leiding reg-

33. A1 J.C. Smuts-versameling, Band 144, Lêer 43: Hervormingsorganisasie — Smuts, 16.9.1940, p. 1. (S.A.)
34. S13 Inventory, MWU Enquiry Commission, 1941. (S.A.)
35. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 2, Lêer VI: Verslag, pp. 2—7.
36. *Ibid.*, pp. 30—36 asook Band 2, Vol. 8: S. Schoeman getuig, pp. 494—506 en 511—517 en Vol. 9, pp. 552—553, 593—594, 604—608 en 630—631; Vol. 12: C.C. Hudson getuig, p. 854.
37. *Ibid.*, Band 4, Lêer VI: Verslag, p. 29 en Band 2, Vol. 8: S. Schoeman getuig, pp. 493—498 en 507—509.
38. *Ibid.*, Band 2, pp. 506—510 en 544—547, Vol. 9, pp. 611—615; Vol. 12, pp. 866 en 871; Band 3, Vol. 19, pp. 1561—1564; Band 4, Lêer VI: Verslag, p. 42.
39. *Ibid.*, Band 2, Vol. 8, p. 510 en Vol. 9, pp. 1025—1027; Band 4, Lêer VI: Verslag, pp. 41—53 en 57—58.
40. *Ibid.*: Bevindings en aanbevelings, pp. 1—10.
41. *Ibid.*, Band 4, Lêer VI: Verslag, pp. 58—73 asook Bevindings en aanbevelings, pp. 1—10.

gestel kon word. Wat egter as 'n skok gekom het, was die skerp kritiek wat in die verslag teen die Hervormers self uitgespreek is. Die kommissie het nl. bevind "dat die Hervormers en die magte daaragter van wie hulle die speelbal is, 'n omverwerpende beweging vorm wat skadelik vir die belange van die mynwerkers, die mynbedryf en die Unie van Suid-Afrika as geheel is."[42] Die Hervormers is veral gekritiseer omdat dit nie 'n spontane beweging was nie, maar deur belange van buite die mynbedryf, veral die NRT, aangehits is.

Die reaksie op die verslag was uiteenlopend. In die MWU-kringe is dit aanvaar en die nuwe algemene sekretaris, B.B. Brodrick, het hom bereid verklaar om die nodige veranderinge aan te bring. Die enigste probleem was dat die gewysigde grondwet enige veranderinge tydens die oorlog onmoontlik gemaak het.[43] Die Hervormers daarenteen het die verslag afgemaak as 'n partydige weergawe van die gebeure en die rol van die NRT verdedig op grond van die feit dat die mynwerkers nie sonder hulp van buite die wanpraktyke van die MWU, gesteun deur groot kapitaalmagte, sou kon oopvlek nie.[44]

Uiteraard sou die gebeure sterk emosies van beide kante ontlok en die vuur is verder aangeblaas deur 'n hofsaak in Springs wat met die bekendmaking van die kommissieverslag saamgeval het. Die saak het gespruit uit lasterlike bewerings wat S. Schoeman jeëns die MWU gemaak het. Al die griewe wat voor die kommissie gedien het, het ook in die hof ter sprake gekom. In die hof is egter vyf stembusse, wat stembeamptes ongemagtigde toegang tot die stembriefies verleen het, as bewysstukke voorgelê. Die saak is nooit enduit gevoer nie, want die staatsaanklaer het besluit om die saak teen Schoeman terug te trek. Dit het tot allerhande gerugte aanleiding gegee dat Colin Steyn, die minister van justisie, opdrag gegee het dat die saak gesluit moes word om onaangenaamhede in die MWU te voorkom.[45]

In plaas daarvan dat die Van Zyl Ham-kommissie die struwelinge in die MWU bygelê het, het dit nie veel gedoen om die kernpunte van die stryd aan te spreek nie. Die oorlogsnoodmaatreëls het 'n verdere demper op hervorming in die MWU geplaas met die gevolg dat die onrus in die geledere van die mynwerkers steeds bly voortduur het.

Die stryd het egter nou 'n "stiller" fase binnegegaan. Tussen 1941 en 1944 het die oorlog alle ander sake oorheers en die binnegevegte in die MWU het aansienlik afgeneem. Hoewel nie veel inligting oor die rol van die NRT en Hervormers in die jare beskikbaar is nie, blyk dit asof hulle ná die kommissieverslag nie meer so aktief onder die mynwerkers werksaam was nie.[46] Daar was wel aangeleenthede wat reaksie uitgelok het soos die verhoging van die ledegeld asook die instelling van 'n verpligte versekeringskema — sake wat deur sekere mynwerkers bevraagteken is a.g.v. die rol wat die nuwe algemene sekretaris, B.B. Brodrick, daarin gespeel het. Hy was nie in alle kringe 'n gewilde persoon nie en is as 'n diktator beskou.[47]

Die stilte is egter in 1944 verbreek deur 'n ernstige geskil oor 'n uiters sensitiewe aangeleentheid, nl. loonverhogings. Sedert 1927 het die mynwerkers se loonskale onveranderd gebly nieteenstaande 'n oplewing in die mynbedryf. Stygende lewenskoste en 'n

---

42. *Ibid.*, Bevindings en aanbevelings, p. 7.
43. *Die Mynwerker*, Julie 1941: Vrede! Met wie?, pp. 37—39. Sien ook Junie 1941 se uitgawe: Kameraad B.B. Brodrick, algemene sekretaris, antwoord op die kommissie se verslag, p. 3.
44. *Die Transvaler*, 30.4.1941: Oor die mynwerkersvereniging; Naude: *op. cit.*, p. 141.
45. A63/2 M.S. Louw-versameling, Reddingsdaadbond: Jaarverslag van die NRT, p. 1; Naude: *op. cit.*, pp. 167—169.
46. L. de Kock: *op. cit.*, pp. 170—171.
47. K145 MWU Enquiry Commission 1946—1948, Band 1, Vol. 1: Minutes, p. 5 en Band 3, Lêer III: Mine Workers Union, p. 1; A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, p. 88 (S.A.); A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, Verslag, deel B, p. 4.

daling in die waarde van geld het die mynwerkers nou op 'n verhoging in lone laat aandring. In April 1943 het Brodrick onderhandelings vir 'n loonverhoging van 30% met die Goudprodusentekomitee (GPK) van die Kamer van Mynwese aangeknoop. Die eis van 30% is onmiddellik verwerp en die GPK het besluit om, sonder die tussenkoms van 'n versoeningsraad soos wetlik vereis word, 'n kompromis-ooreenkoms met die MWU te sluit.[48]

Kragtens die ooreenkoms sou die GPK jaarliks vir vyf jaar 'n bedrag van £100 000 aan die MWU toeken mits die looneis laat vaar word en die MWU nie weer op loonverhogings sou aandring alvorens daar 'n merkbare oplewing in die ekonomie was nie. Hierdie geld moes aangewend word vir behuising en koöperatiewe skemas. Die skema sou op 1 Oktober 1944 van krag word.[49]

Die ooreenkoms het onmiddellike en wydverspreide reaksie onder die mynwerkers ontlok. Hulle was bitter ontevrede oor die gebrek aan salarisaanpassings en woedend oor die swak hantering van die saak deur die bestuur van die MWU.[50] Daar is onmiddellik 'n aantal protesvergaderings aan die Rand gereël en verskeie aksiekomitees is gevorm wat spoedig in een liggaam, die Aksiekomitee, o.l.v. P.J. Visser, verenig is.[51]

Daar bestaan uiteenlopende getuienis oor die rol van die Hervormers in die totstandkoming en werksaamhede van die Aksiekomitee. Volgens Naudé het die Hervormers die inisiatief geneem.[52] Ander bronne dui egter oortuigend daarop dat daar op dié stadium ook ander groepe onder die mynwerkers aan die organiseer was en dat Paul Visser en ander leiers groot steun onder die mynwerkers geniet het. Visser se Aksiekomitee was inderdaad so sterk dat Daan Ellis en die Hervormers by hulle aangesluit het en dat daar uiteindelik slegs 2 van die 35 lede van die uitvoerende bestuur van die Aksiekomitee uit die geledere van die Hervormers gekom het.[53] Hoewel die Aksiekomitee dus grotendeels uit nie-Hervormers bestaan het, het Daan Ellis op die liggaam gedien en was die finansiële steun vir hulle optrede uit NRT-bronne afkomstig.[54] Daardeur het die NRT steeds 'n belangrike rol in die verset bly speel.

Die ontevrede mynwerkers was egter steeds deur die oorlogsnoodmaatreëls verhinder om teen die MWU op te tree. Toe die maatreëls na die beëindiging van die oorlog nie opgehef is nie, het die broeiende ontevredenheid tot uitbarsting gekom in 'n algemene staking in 1946. Die onmiddellike oorsaak daarvan was die ontslag van 'n mynwerker van die Durban Deep-goudmyn op 14 Maart 1946 omdat hy nie sy agterstallige ledegeld vir die MWU wou betaal nie. Uit protes teen sy ontslag het 650 mynwerkers op dieselfde dag 'n staking uitgeroep.[55] Vier dae later het die getal tot meer as 6 500 aangegroei en al die myne op die Rand is daardeur geraak.

Na etlike pogings om 'n skikking te bereik misluk het, is daar op 22 Maart 1946 'n ooreenkoms tussen die stakers en die Smutsregering bereik. Die stakers sou hulle werk dadelik hervat en die GPK sou hulle nie benadeel nie; die ontslane mynwerker sou weer

48. A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, Verslag, deel B, pp. 4—5 en 8.
49. K145 MWU Enquiry Commission, Band 3, Lêer III: Memorandum of Agreement.
50. A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, pp. 88 en 97; A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, Verslag, deel B, p. 8.
51. *Ibid.*
52. *Ibid.*
53. *Ibid.*, pp. 8—9. Sien ook A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, p. 110.
54. *Ibid.*
55. *Naude: op. cit.*, p. 209; *The Rand Daily Mail*, 15.3.1946: 650 men on strike on three West Rand mines. Sien ook verslae oor die staking in *Die Burger*, 18.3.1946; *The Star*, 18, 19 en 23.3.1946 en *The Rand Daily Mail*, 18, 19, 20, 22 en 23.3.1946.

aangestel word na betaling van sy agterstallige ledegeld; 'n verkiesing van alle ampsdraers in die MWU sou gehou en 'n geregtelike kommissie van ondersoek na die bestuursake van die MWU sou aangestel word.[56] Die bestuur van die MWU het die ooreenkoms, waarin hulle nie geken is nie betwis, maar dit is deur oorlogsmaatreël 13 van 1946 wetlik bekragtig.

Die staking was om verskeie redes van belang. Eerstens omdat die werklike oorsake daarvan die ontevredenheid van die mynwerkers met die bestuur van die MWU was en die feit dat hulle magteloos was om op grondwetlike wyse teen die mense op te tree. Tweedens omdat die staking 'n veel breër en meer verteenwoordigende groep mynwerkers betrek het as wat tot voor die stadium die geval was. Die Hervormers was nou slegs een van verskeie groepe wat hulle aktief teen die MWU gestel het. Tydens die staking is 'n Protesterende Mynwerkerskomitee (PMK) in die lewe geroep waarop elke myn deur een afgevaardigde verteenwoordig is. Die meerderheid van die lede was nie Aksiekomiteelede nie, maar mynwerkers wat griewe teen die MWU gehad het en tot dusver buite die Hervormersgroep gebly het.[57] Hoewel Daan Ellis die mense probeer oorreed het om by die Aksiekomitee aan te sluit, het slegs 15 van die 47 lede dit gedoen. Die rede hiervoor was dat daar wesentlike verskille t.o.v. doelstellinge, metodes en basiese motivering tussen die groep was. Baie mynwerkers wou nie met die Hervormers geassosieer wees nie — veral nie na die bevindinge van die Van Zyl Ham-kommissie nie.[58] Die Hervormers het kennelik teen 1946 nie meer alleen die toon in die stryd teen die MWU aangegee nie.

Kragtens die skikkingsooreenkoms met die stakers het die regering op 2 April 1946 'n kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van brigadier E. Williamson aangestel. Die kommissie se opdrag het 'n wye terrein gedek en het neergekom op 'n ondersoek na alle aangeleenthede m.b.t. die MWU vanaf die datum waarop die Van Zyl Ham-kommissie verslag gedoen het. Daarby moes die kommissie toesig hou oor die werksaamhede van die bestuurslede van die MWU totdat verslag gelewer is en, indien nodig, kon die lede van die kommissie selfs sekere administratiewe pligte oorneem.[59]

Terwyl die kommissie met die inwin van getuienis besig was, het sake 'n skielike wending geneem toe daar tydens 'n algemene raadsvergadering van die MWU 'n voorstel aanvaar is waarkragtens Brodrick van sy amp onthef is. Brodrick se ontslag is gevolg deur die bedanking van 13 van die 19 lede van die uitvoerende komitee van die MWU.[60] Die presiese oorsake vir hierdie paleisrewolusie is nie bekend nie, maar dit hou belis verband met die oplaaiende verset teen die outokratiese optrede van Brodrick en die ondersoek na o.a. sy hantering van die sake van die MWU wat aan die gang was.

Kragtens sy bevoegdhede het die kommissie nou 'n interim uitvoerende komitee aangestel om onder sy toesig op te tree tot tyd en wyl die voorgestelde verkiesings afgehandel is.[61] Intussen het die kommissie sy taak afgehandel en op 22 Junie 1946 is die verslag vrygestel.

---

56. *The Star*, 20.3.1946: Terms of proposals to end mine union dispute; K145 MWU Enquiry Commission, Band 3, Lêer III: Terms of settlement of Gold Mining strike, pp. 1—2. (S.A.)
57. A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, Verslag, deel B, pp. 5 en 9. (S.A.)
58. *Ibid.*, p. 8; K145 MWU Enquiry Commission, Band 2, Vol. 2: Minutes of the 82nd meeting, pp. 1—2 (S.A.), *Die Suiderstem*, 27.1.1947: Nege myne heeltemal en 14 gedeeltelik tot stilstand gebring.
59. K145 MWU Enquiry Commission, Band 3, Lêer III: Memorandum, p. 1; S12: Inventory to the archives of the Commission of Enquiry to the MWU 1946—1948, p. 1, (S.A.).
60. A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, Verslag, deel B, pp. 7—8; K145 MWU Enquiry Commission, Band 1, Vol. 1: Minutes of the 18th meeting, pp. 1—2; UG 36 van 1946: Report of the Mine Workers' Union Commission, p. 4.
61. *Ibid.*

Die verslag was skerp krities t.o.v. die hantering van die grondwetlike, finansiële en administratiewe aangeleenthede deur die bestuur van die MWU tot nadeel van die gewone lede van die organisasie.[62] *The Star* het die verslag beskryf as "one of the most distressing documents revealed for a long time" en toegegee dat die mynwerkers alle rede tot ontevredenheid gehad het.[63]

Die verslag het egter ook die regering, die regeringsgesinde pers en diegene wat die korrupte bestuur in stand gehou het, gekritiseer. Die inmenging van Colin Steyn en Walter Madeley in mynwerkersake en die weiering van die owerheid om in te gryp terwyl die wanbestuur aan hulle bekend was, is oopgevlek.[64]

Voortspruitend uit die ondersoek het die kommissie aanbeveel dat die mag van die uitvoerende bestuur van die MWU verminder en in 'n groter mate in die hande van die mynwerkers geplaas moet word. Daar moes ook voortgegaan word met die verkiesing van die nuwe bestuursliggame.[65]

Die verslag het nie die onrus in die mynwerkers se geledere onmiddellik tot bedaring laat kom nie. Met die verkiesings bepaal vanaf 1 Julie was daar intensiewe stemwerwery tussen die verskillende groepe in die vakbond. Brodrick het sy volgelinge in die Union for the Miners georganiseer terwyl die Aksiekomitee en PMK op 'n losse basis kragte saamgesnoer het in die Verenigde Mynwerkerskomitee (VMK). Die verhouding tussen die groepe was nie goed nie en het tot heelwat spanning aanleiding gegee.[66]

Probleme met die verkiesing het die spanninge verhoog. Die eerste rondte waartydens die mynwerkers hul skagverteenwoordigers verkies het, het vlot verloop. Die verkiesing van die algemene raad deur die skagverteenwoordigers het egter probleme opgelewer toe daar in twee gebiede, Benoni en Krugersdorp, dispute ontstaan het en die kommissie van ondersoek, onder wie se toesig die verkiesings plaasgevind het, beslissings gegee het wat die VMK se kanse om 'n meerderheidstem in die algemene raad te kry, gekelder het.[67]

Die VMK het onmiddellik twee stappe geneem: aansoek is by die hooggeregshof gedoen om 'n geregtelike verbod op die algemene raadsvergadering tot tyd en wyl die nodige herverkiesings gehou is en tweedens het hulle hul sterk vir 'n staking aan die Wesrand uitgespreek.[68] Hoewel die hofuitspraak op 9 Januarie 1947 ten gunste van die VMK was, het die gesloer van die owerheid om nuwe verkiesings uit te skryf, die ontevredenheid in die mynwerkerskringe tot breekpunt gedryf. Op 27 Januarie 1947 het hulle begin staak.[69]

Die staking, wat eers op 11 Maart 1947 beëindig is, het groot politieke opslae gemaak. Veral uit Afrikanerkringe was daar oorweldigende steun vir die stakers.[70] Die uit-

62. *Die Vaderland*, 22.6.1946: B. Brodrick kry skuld vir toedrag in SAMWU; UG36 van 1946: Report, p. 2.
63. *The Star*, 24.6.1946: The miners and their friends' (Hoofberig).
64. *Die Transvaler*, 25.6.1946: Ondersoek onder vakbonde ook. UG36 van 1946: Report, pp. 2—3.
65. A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, pp. 76 en 110; A1731 S.J. Botha-versameling, Band 7: SAMWU, pp. 7 en 9—10; K145 MWU Enquiry Commission, Band 2: Minutes of the 82nd meeting, pp. 1—2.
66. *Die Vaderland*, 25.2.1947: Land wag op mynkamer; A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, pp. 81—83 en 90 en 98; K145 MWU Enquiry Commission, Band 2: Minutes of the 65th meeting, pp. 7—11 en 66th meeting, p. 1; *The Star*, 27.1.1947: 23 goldmines.
68. K145 MWU Enquiry Commission, Band 2: Minutes of 65th meeting, pp. 7—11; A2 J.G. Strijdom-versameling, Band 78: Mynwerkersgeskil, p. 92; Naude: *op. cit.*, p. 220.
69. K145 MWU Enquiry Commission, Band 3, Lêer III: Minutes of meeting of Mining Unions' Joint Committee 17.2.1947, p. 1; *The Rand Daily Mail*, 27.1.1947: State will protect; *Die Suiderstem*, 27.1.1947: Nege myne heeltemal.
70. L. de Kock: *op. cit.*, pp. 204—216.

koms van die staking was 'n klinkende oorwinning vir die VMK. Na lang uitgerekte onderhandelinge en die aanstel van 'n nuwe kommissie om die verkiesings te hanteer, het die VMK in November 1948 die verkiesings met stewige meerderhede gewen. Van die 195 setels vir die skagverteenwoordigers het hulle 187 (145 onbestrede) gebuit. Uit hierdie groep is 35 VMK-lede uit 'n totaal van 49 tot die algemene raad verkies. Ook op die uitvoerende komitee het hulle 'n meerderheid gehad en twee van hulle lede, P.J. Visser en Daan Ellis, het die hoogste poste nl. president en algemene sekretaris, onderskeidelik, beklee.[71] Die lede van die nuwe bestuur het dadelik 'n verklaring uitgereik waarin hulle eensgesindheid in die geledere van die mynwerkers as 'n hoë prioriteit gestel het. Die kommentaar van I.L. Walker en B. Weinbren, wat die geskiedenis van die vakbondwese in Suid-Afrika geskryf het, op dié oorwinning was: "Thus the National Party, the Reddingsdaadbond, the Blanke-werkersbeskermingsbond and the reformers gained their first victory — the S.A. Mineworkers' Union had become a Christian-National trade union".[72]

## Slotbeskouing

Die oorwinning van die Afrikanermynwerker teen die "vreemde elemente" in die MWU wat die belange van die gewone werker verontagsaam het, was een van die hoogtepunte in die stryd om die beheer van die vakbondwese in dié jare. Enkele aspekte van die stryd in die geledere van die mynwerkers moet ten slotte nog nader belig word.

Een vraag wat opgeklaar moet word, is of dit 'n spontane versetbeweging was of nie. Die antwoord daarop is nie 'n summiere ja of nee nie. Aanvanklik, d.w.s. in die vroeëre fase van die stryd tussen 1936 en 1941 was dit baie duidelik nie 'n spontane arbeidersbeweging nie. Die redes vir die stryd, die organisasie en ook die finansiering daarvan is verskaf deur die NRT, d.w.s. deur die FAK en AB, wat die werkers rondom ideologiese strydpunte gemobiliseer het.[73] In die latere fases van die stryd was die mobilisering en ideologiese basis van die stryd nie meer so sentraal nie. Die aanduiding is dat die mynwerkers, nou meer selfversekerd oor hul posisie in die arbeidsmag en meer bedrewe in die stryd teen die wanbestuur van die MWU, hulle verset eerder gemik het op die regstelling van wanpraktyke wat deur twee kommissies van ondersoek so duidelik oopgevlek is, as op die hoër doelstellinge van volkseenheid en Christelik-nasionale vakbonde. Die NRT se rol in die latere fases van die stryd (vanaf 1941) het ook afgeneem. Die oorwinning van die mynwerkers kan dus nie geïnterpreteer word as bloot 'n volskaalse oorwinning vir die NRT nie. Dit was ook 'n oorwinning vir dié mynwerkers wat die suiwer hantering van vakbondsake vooropgestel het.

Die rol van die NRT en sy ondersteuners moet egter nie onderskat word nie. Hulle het die mynwerkers bewus gemaak van die wantoestande en juis deur die daarstelling van organisatoriese en finansiële steun die bal aan die rol gesit en help voortrol tot die stryd gewonne was. Hul invloed in die nuwe bestuur van die MWU was ook groot met persone soos Visser en Ellis in die vernaamste poste.

As die sukses van die NRT gemeet word in politieke terme, dien die 1948-verkiesing as 'n betroubare barometer. Voor die verkiesing het die NP die wanpraktyke in die MWU

71. *Die Mynwerker,* 28.1.1949: Die nuwe bestuur neem oor, p. 3; *Die Transvaler,* 20.11.1948: Nuwe sekretaris van mynbond; Naude: *op. cit.*, pp. 253—254.
72. I.L. Walker en B. Weinbren: *2 000 casualties. A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa* (SATUC, Johannesburg, 1961), p. 220.
73. O'Meara: "Analysing Afrikaner Nationalism", p. 52. Sien ook sy *Volkskapitalisme,* part II en part III.

en die regering se rol agter die skerms om die MWU te beskerm, behoorlik uitgebuit om die mynwerkerstem te trek. Hierdie strategie was suksesvol, want die NP het daarin geslaag om ses setels aan die Rand — almal in mynwerkergebiede — te buit.[74] Die feit dat die Smutsregering in die verkiesing tot 'n val gebring is, kan o.a. aan die swaai van die arbeiderstem na die NP toegeskryf word.

Die vraag is waarom die NRT wel suksesvol was, nieteenstaande 'n insinking in hul aksies in die veertigerjare? Die antwoord lê in verskillende aangeleenthede opgesluit. Eerstens het hulle 'n groot groep ongeorganiseerde mynwerkers van die nodige leiding en motivering voorsien. Hul teikengroep — die on- of semigeskoolde, laagbesoldigde blanke werker — was daarby ook vatbaar vir die argumente van die NRT/ABM-leiers. Die wanpraktyke in die MWU; die rol van die groot geldmagte; die gevare van die kommunisme en die bedreiging deur die Swartwerkers is alles as 'n wesentlike bedreiging vir die blanke werker voorgehou en deur lg. so aanvaar. As alternatief vir die korrupte MWU is 'n Afrikanerbeheerde vakbond gestel wat primêr na die belange van die blanke mynwerker sou omsien. Die meerderheid van die mynwerkers het dit verkies bo die bestaande MWU en in breër politieke terme die NP bo die VP of AP.

Voortspruitend uit bg. moet daar ook gekyk word na die werklike beweegredes agter die betrokkenheid van die NRT by die mynwerkerstryd. O'Meara sien die motivering vir die NRT se optrede in die opbou van 'n massabasis (blanke werkersklas) vir die Nasionale Party deur die daarstelling van 'n klasse-alliansie (werkersklasbourgeoisie) om sodoende klasseverskille onder die Afrikaner teen te werk. Die Afrikanerwerkers sou ook 'n belangrike bron van kapitaal (d.m.v. hul spaargeld) wees vir die versterking van die Afrikaner se ekonomie. Die sentrale doelstelling was die mobilisering van die werkers om die Nasionale Party 'n werklike krag in die politieke lewe van Suid-Afrika te maak. Daarvoor het die NRT/FAK/AB op kundige wyse die swak ekonomiese en onderdanige arbeidsposisie van die Afrikanerwerker uitgebuit. Die werkers se stryd kan dus nie primêr gesien word as 'n oproep deur Afrikanernasionaliste op die werkers om volkseenheid ter wille van volkseenheid nie, maar moet eerder gesien word as die manipulering van die werkers in belang van die politieke en ekonomiese strewe van die elite.[75]

O'Meara se argument hou ten dele steek m.b.t. die mobilisering en selfs manipulering van die mynwerkers deur die elite vir sekere politieke en ekonomiese oogmerke. In sy verwerping van die rol van ideologiese en kulturele (etniese) faktore as werklike bindkragte in die Afrikanersamelewing kyk hy egter 'n belangrike faset van Afrikanernasionalisme mis. Dit vorm 'n integrale deel van die proses van Afrikanernasionalisme tesame met die aksies van mobilisering en manipulering. Nasionalisme is 'n komplekse verskynsel en kan nie bloot vertolk word as 'n klassestryd rondom die akkumulasie van kapitaal nie.

Die mynwerkerstryd gaan dieper as net die manipulering van een klas deur 'n ander klas. Die NRT en sy geesgenote was ook besorg oor die verdelende invloede van die vakbonde en werkersklasideologieë op die Afrikaner. Hul poging om die werkers te mobiliseer om sodoende Afrikanereenheid te skep, het ook gespruit uit 'n oortuiging dat die Afrikaners 'n histories-geworde eenheid is, wat versterk en uitgebou moes word.

In welke mate die werkers gereageer het op die groter materiële sekuriteit wat die NRT/ABM gebied het en in welke mate die sentimente van volkseenheid 'n rol in die mobiliseringsproses gespeel het, sal nie bepaal kan word nie. Uit die groeperinge in die

74. *Volkskapitalisme,* part II en part III; D. Prinsloo: *Die Johannesburg-periode,* p. 382; *Die Transvaler,* 20.5.1948: Sap-Jerigo's tuimel.
75. O'Meara: "Analysing", pp. 45—46 en 52—55 en *Volkskapitalisme,* pp. 11—17, 248—249.

geledere van die mynwerkers in die veertigerjare is dit egter duidelik dat die sentiment van volkseenheid by 'n groot groep nie 'n sterk faktor was nie. Die sentiment was veel sterker teenwoordig by die mobiliseerders as by die gemobiliseerdes.